NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2021

AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL II

Tyd: 3 uur 100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. In hierdie vraestel is daar TWEE afdelings:

   - Afdeling A: Letterkunde (Drama en Prosa)
   - Afdeling B: Transaksionele Skryfwerk.

3. Beantwoord twee vrae uit Afdeling A en twee vrae uit Afdeling B.

4. In Afdeling A is daar een dramavraag (Vraag 1) wat jy moet beantwoord en vier prosavrae (Vraag 2, 3, 4 en 5) waarvan jy slegs een moet beantwoord.

5. In Afdeling B móét jy die eerste vraag (Vraag 6) beantwoord. Daarna moet jy óf Vraag 7 óf Vraag 8 beantwoord.

6. Lees die instruksies by elke vraag noukeurig deur sodat jy presies weet wat van jou verwag word.

7. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae op die vraestel genommer is.

8. Begin elkeen van die vier vrae boaan 'n nuwe bladsy in jou antwoordboek.

9. Let op die puntetoekenning van die verskillende vrae en beplan jou tyd daarvolgens.

10. Skryf netjies en duidelik leesbaar.

11. Skenk aandag aan taalversorging.

IEB Copyright © 2021

AFDELING A LETTERKUNDE

DRAMA

VRAAG 1 *Die Koggelaar* (Pieter Fourie)

Instruksies

- Hierdie vraag is verpligtend.
- Hoewel dit nie bepunt sal word nie, is deeglike beplanning uiters belangrik.
- Die vraag bestaan uit 'n stelling oor die drama waarop jy in 'n mini-essay betogend moet reageer.
- Jou inleiding moet duidelik aantoon of jy met die stelling saamstem of nie en ook jou hoofargument verwoord.
- Ondersteun jou stellings deurgaans met verwysings na en / of aanhalings uit die teks.
- Jou gevolgtrekking moet terugverwys na jou argument en 'n duidelike slotsom gee.
- Bring die woordtal (ongeveer 400 woorde) onder jou mini-essay aan.
- 'n Nasienmatriks sal vir die assessering van jou mini-essay gebruik word.

> ***Patriargie*** *is 'n sosiale stelsel waarin* ***mans basiese mag beklee en oorheers*** *in rolle van politieke* ***leierskap, morele gesag, sosiale voorreg*** *en* ***beheer van eiendom****. In die gesin se domein hou vaders of* ***vaderfigure gesag oor vroue en kinders****. Sommige patriargale samelewings is ook patriliniêr, wat beteken dat* ***eiendom en titel deur die manlike afkoms geërf word****.*

[Bron: <https://af.wikipedia.org/wiki/Patriargie>]

Stelling

Pieter Fourie se *Die Koggelaar* (1988) is daarop uit om die **euwels van die patriargie** binne die Afrikanergemeenskap **te ontmasker**. By monde van die karakters Ben, Boet en Klein-Boet Cronjé (as draers van die patriargale sisteem) word **morele verval oor generasies heen** uitgebeeld en word **die disintegrasie van apartheid** daardeur voorspel.

In jou slot moet jy aantoon of jy dink dat die drama **die euwels van die patriargie suksesvol ondersoek** en of die drama die weg baan na 'n meer **demokratiese Suid-Afrikaanse bestel**.

[30]

IEB Copyright © 2021

PROSA

Instruksies vir prosavraag

- Twee vrae word oor elk van die twee voorgeskrewe romans gestel waarvan jy slegs een vraag moet beantwoord:
  Vraag 2 of Vraag 3 (oor *Die Verevrou* – Jan van Tonder)
  OF Vraag 4 of Vraag 5 (oor *Die Dag van die Lord* – Johan Kruger)
- Hoewel dit nie bepunt sal word nie, is deeglike beplanning uiters belangrik.
- Jou literêre opstel moet beredenerend van aard wees.
- Jou inleiding moet reeds duidelik aantoon wat die uitgangspunt(e) van jou opstel is.
- Ondersteun jou stellings deurgaans met verwysings na en / of aanhalings uit die teks.
- In jou gevolgtrekking moet jy terugverwys na jou hoofargument en telkens die verwagte inhoud, soos aangedui by elke vraag, aanspreek.
- Bring die woordtal (ongeveer 600 woorde) onder jou literêre opstel aan.
- 'n Nasienmatriks sal vir die assessering van jou literêre opstel gebruik word.

VRAAG 2 *Die Verevrou* (Jan van Tonder)

Een van die belangrikste temas in *Die Verevrou* is dié van **geweld – veral teenoor vroue**. Beredeneer in 'n literêre opstel **hoe geweld in hierdie roman uitgebeeld word** en wat die **funksie van** hierdie (soms uiters grafiese) **beskrywings** sou wees. Verwys in jou opstel na ten minste **drie insidente**.

In jou gevolgtrekking moet jy duidelik aantoon of die tema van geweld 'n suksesvolle bydrae lewer tot die groter romanopset.

[30]

OF

VRAAG 3 *Die Verevrou* (Jan van Tonder)

> *"Die skryfkuns behoort die onbekende vir lesers oop te maak, hulle na plekke te neem waar hulle nog nie was nie, mense van ander kulture te ontmoet, iets van hulself te laat herken. Dit is waarom ek lees: om ná elke boek 'n bietjie anders te dink, te beleef, te wéés. Wanneer ek skryf, hoop ek om dit met my lesers te laat gebeur."*

[Bron: "Pensveertjies vir Liora", *Vrouekeur*, p. 9, 26 Julie 2019]

Beredeneer in 'n literêre opstel of *Die Verevrou* daarin slaag om **nuwe wêrelde** vir lesers oop te maak. Verwys in jou opstel na nuwe **ruimtes en kulture**, maar ook na **ongewone karakters** en die **vraagstukke** waarmee hulle in die roman gekonfronteer word.

In jou gevolgtrekking moet jy duidelik aantoon of die teks jou as leser anders laat dink, beleef en laat wéés het.

BELANGRIK: Jou beredeneerde opstel moet **deeglik gemotiveer** word **vanuit die teks**gegewe om hierdie vraag oortuigend te beantwoord .

[30]

IEB Copyright © 2021

OF

VRAAG 4 ***Die Dag van die Lord*** (Johan Kruger)

Beide verhaallyne in *Die Dag van die Lord* speel af gedurende oorlogstye. Een van die belangrikste temas in *Die Dag van die Lord* is dan ook die van **oorlog en die lyding wat dit veroorsaak**.

Beredeneer in 'n literêre opstel **hoe oorlog en lyding** (in al twee oorloë) **uitgebeeld word** en wat die **funksie van** hierdie (soms uiters ontstellende) **beskrywings** sou wees.

In jou gevolgtrekking moet jy duidelik aantoon of die tema van **oorlog en lyding** 'n suksesvolle bydrae lewer tot die groter romanopset.

[30]

OF

VRAAG 5 ***Die Dag van die Lord*** (Johan Kruger)

"Die skryfkuns behoort die onbekende vir lesers oop te maak, hulle na plekke te neem waar hulle nog nie was nie, mense van ander kulture te ontmoet, iets van hulself te laat herken. Dit is waarom ek lees: om ná elke boek 'n bietjie anders te dink, te beleef, te wéés. Wanneer ek skryf, hoop ek om dit met my lesers te laat gebeur."

[Bron: "Pensveertjies vir Liora", *Vrouekeur*, p. 9, 26 Julie 2019]

Beredeneer in 'n literêre opstel of *Die Dag van die Lord* daarin slaag om **nuwe wêrelde** vir lesers oop te maak. Verwys in jou opstel na nuwe **ruimtes en kulture**, maar ook na **ongewone karakters** en die **vraagstukke** waarmee hulle in die roman gekonfronteer word.

In jou gevolgtrekking moet jy duidelik aantoon of die teks jou as leser anders laat dink, beleef en laat wéés het.

BELANGRIK: Jou beredeneerde opstel moet **deeglik gemotiveer** word **vanuit die teks**gegewe om hierdie vraag oortuigend te beantwoord.

[30]

60 punte

IEB Copyright © 2021

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

VRAAG 6 VERPLIGTE VRAAG – OOGGETUIEVERSLAG

Lees die volgende artikel wat op 24 April 2020 op *Netwerk24* verskyn het en voer dan die opdrag uit.

KRIEKET

Skuurpapier-skorsings skok skeidsregter

24 April 2020 05:56

Die voormalige krieketskeidsregter Ian Gould erken hy was geskok deur die nagevolge van die skuurpapier-skandaal in Suid-Afrika.

Dié Engelsman, wat ná afloop van verlede jaar se Wêreldbekertoernooi uitgetree het, was die televisie-skeidsregter toe die Australiese aanvangskolwer Cameron Bancroft betrap is waar hy met die bal peuter in die derde toets teen die Proteas in Kaapstad.



Cameron Bancroft word betrap waar hy die skuurpapier by sy broek afdruk. Foto: Getty Images

Gould was eerste om beeldmateriaal te ontvang waar Bancroft met die bal lol. Die Aussie het die voorval aanvanklik teenoor die skeidsregters op die veld, Nigel Llong en Richard Illingworth, ontken.

"Ek het daar gesit en my by my eie sake bepaal toe die TV-regisseur sê: 'Ek het beeldmateriaal vir jou.' Ek het daarna vir die skeidsregters op die veld laat weet wat ek gesien het en hulle versoek om Bancroft te vra wat hy in sy broeksakke het," sê Gould.

"Hy het in sy sakke gekrap en 'n swart sonbrillappie uitgehaal."

"Twee aflewerings later het die regisseur my weer gekontak en gesê: 'Ons het baie meer beeldmateriaal'."

"Daardie was die verdoemende beelde van die geel skuurpapier en waar Bancroft dit by sy broek indruk."

Gould erken hy was stomgeslaan deur die skaal van die kwessie in die volgende klompie dae, veral die emosionele mediakonferensies van Steve Smith, kaptein, en Bancroft in Australië.

"Cameron Bancroft is 'n wonderlike, wonderlike jong man," sê hy.

"Met uitskeityd het hy sy sweetpak aangetrek, niemand vertel waarheen hy op pad was nie en ons kamer besoek om jammer te sê dat hy gejok het."

IEB Copyright © 2021

OPDRAG

Jy het onlangs aan 'n interskole-kompetisie deelgeneem en het gesien hoe 'n ander leerder / span die reëls oortree. Die dissiplinêre komitee van die kompetisie beskou die insident in 'n ernstige lig en vra jou om 'n ooggetuieverslag te skryf waarin jy uiteensit wat jy waargeneem het.

Belangrik:

- Gebruik **fiktiewe persoonlike inligting** (bv. volle naam, identiteitsnommers, adresse en kontaknommers) sodat niemand jou identiteit kan bepaal vanuit jou eksamenskrif nie.
- Besonderhede moet in fyn detail beskryf word.
- Die toon en styl moet uiteraard ernstig en saaklik wees.
- Jou ooggetuieverslag moet ongeveer 250 woorde beslaan. Dui die woordtal onder jou teks aan.

[20]

EN

Beantwoord VRAAG 7 of VRAAG 8.

VRAAG 7 KEUSEVRAAG – BROSJURE

'n Nuwe hoërskool hou binnekort 'n opedag vir voornemende leerders en hulle ouers en jy moet die kopie vir 'n brosjure skryf waarin jy al die aktiwiteite en uitstallings vir die opedag bekendstel.

Skryf die kopie vir die brosjure en beskryf ook DRIE foto's of grafika wat saam met die kopie in die eindproduk gebruik sal word.

In jou kopie moet jy na ten minste VYF verskillende aktiwiteite en / of uitstallings verwys.

Belangrik:

- Gee aan jou brosjure 'n prikkelende titel.
- Beskryf die drie foto's / grafika wat ingesluit sal word om jou brosjure te ondersteun. Elkeen van jou beskrywings moet tussen 15 en 20 woorde lank wees. (Jy hoef dus niks te teken nie!)
- Die toon en styl moet jou teikenmark oortuigend betrek.
- Jou brosjure moet ongeveer 250 woorde beslaan (insluitend die beskrywings van jou foto's / grafika). Dui die woordtal onder jou teks aan.

[20]

IEB Copyright © 2021

OF

VRAAG 8 KEUSEVRAAG – RESENSIE

'n Nuwe hoërskool het onlangs 'n opedag vir voornemende leerders en hulle ouers gehou en jy moet 'n resensie daarvan vir die plaaslike koerant skryf. Ongelukkig was jy redelik teleurgesteld in wat die skool aanbied en hoe die dag verloop het.

Skryf die kopie vir die resensie en beskryf ook TWEE foto's of grafika wat saam met die kopie in die koerant sal verskyn.

In jou kopie moet jy na ten minste VYF verskillende aspekte verwys.

Belangrik:

- Gee aan jou resensie 'n prikkelende titel.
- Beskryf twee foto's / grafika wat ingesluit sal word om jou resensie te motiveer. Elkeen van jou beskrywings moet tussen 15 en 20 woorde lank wees. (Jy hoef dus niks te teken nie!)
- Die toon en styl moet jou teikenmark oortuigend betrek.
- Jou resensie moet ongeveer 250 woorde beslaan (insluitend die beskrywings van jou foto's / grafika). Dui die woordtal onder jou teks aan.

[20]

40 punte

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2021